# LAERSKOOL ASHTON * ASHTON PRIMARY SCHOOL

GEORGESTRAAT
ASHTON
6715
TEL: 023 – 615 1370

GEORGE STREET
ASHTON
6715
FAX: 023 – 615 2327

E-pos/E-mail: hoof@ashtonps.co.za

28 April 2020

Geagte Ouers

**STAND VAN SAKE-SKRYWE 3**

Ons vertrou dat u en u kinders veilig is ten spyte van hierdie uitdagende omstandighede. Ons begryp en het empatie vir u omstandighede. Weereens benadruk ons dit dat u welkom is om met die skoolhoof (hoof@ashtonps.co.za) of die personeel in verbinding te tree. Die personeel van Laerskool Ashton help graag, kontak hulle gerus.

Die aankondiging deur die Minster van Basiese Onderwys gister is uitgestel tot later in die week. Ons het dus geen amptelike nuus oor hoe en wanneer die skole weer gaan heropen nie. Graag herhaal ons die vorige versoeke dat u nie enige iets op sosiale media sal glo nie. Niemand weet presies wat die planne is nie en sodra ons iets amptelik weet sal ons u in kennis stel.

Gaan asseblief voort met die werk by die huis. Huiswerk het nou werk by die huis geword. Graag herhaal ons weer die volgende dat : "Die skoolhoof en personeel beskikbaar is indien daar **enige** probleme is". Hulle staan gereed om u van raad en daad te bedien. Daar is nie so iets soos 'n dom vraag nie, 'n gewilde sê-ding van Albert Einstein. U hoef nie skaam of te trots te wees nie, die personeel help graag. Die personeel is ook baie dankbaar vir die baie positiewe terugvoer en harde werk wat by die huis gedoen word.

Aansoeke om kwytskelding is hanteer en sal u 'n sms van die uitslag ontvang. Wanneer die skole heropen sal u dit skriftelik ontvang. Vriendelik versoek ons elke ouer om steeds gereeld skoolfonds te betaal. Dit is noodsaaklik om personeel te behou om met heropening weer kwaliteit onderrig te kan aanbied. **Onthou u kind se naam en klas as verwysing met die betaling**. Hier is die bankbesonderhede.

Laerskool Asthon
ABSA Montagu Tjekrekening
Takkode: 632005
Rekeningnr: 1050150042

Baie dankie vir u ondersteuning aan die skool in hierdie wêreldwye pandemie, dit word opreg waardeer.

Wees asselblief veilig in hierdie tye.

Vriendelike groete

JC Burger
Skoolhoof

P de Wet
SBL-voorsitter